KIXPIRASIE KWARTAAL 1 2023

Jou plek is belangrik

Aktiwiteit: (voor die tyd) Sit elkeen wat teenwoordig gaan wees se naam op ‘n spesifieke sitplek om die tafel, sodat elkeen presies weet waar hulle sit. Soos hulle inkom, neem jy elkeen spesiaal na hulle plek toe en laat hulle sit.

Gesels saam:

Deel met mekaar wat is die een ding wat vir julle lekker is daarvan om saam met ander mense om ‘n tafel te sit.

Jesaja 25:6: Op die berg Sion gaan die Here die Almagtige ’n feesmaal voorberei vir al die volke van die wêreld. Daar sal ’n oorvloed heerlike kos en die beste wyn wees.

Die Here nooi ons uit om aan die tafel van lewe te sit, waar ek en jy ons eie unieke plek het. Ons kies of ons die uitnodiging aanvaar of nie. Maar net soos jy ‘n unieke plek om die Here se tafel van lewe het, het jy ook ‘n unieke plek om die KIX-bedieningstafel. ‘n Plek wat niemand anders kan vul soos jy dit kan vul nie. Jou naam is daarop en as jy nie teenwoordig is nie, is jou stoel leeg. Daarom is jy belangrik om hierdie KIX-tafel. Of jy gaan deelneem in die feesmaal om jou KIX-kinders te bedien of nie, is in jou hande. Jy maak met jou sitplek wat jy wil. Maar vandag moet jy weet... JY IS BELANGRIK OM HIERDIE TAFEL!

Deel die volgende met mekaar:

- Hoe laat jy die kinders by KIX welkom voel?

Gee aan elkeen ‘n plekmatjie wat jy op karton laat uitdruk of laat lamineer as bevestiging van hulle elkeen se belangrike plek in hierdie span.

Bid vir mekaar: Draai twee-twee na mekaar toe en bid vir mekaar.